1 SAMUEL



# Hanna

‘ n hart vol hoop

# Haar storie

Hanna sit gehurk, besig om die hout te pak vir die vure.
Dit is vroeg in die oggend tussen die berge van Efraim in die dorpie Rama.
Oral sien sy skaapwagters soos spikkeltjies in die vêrte.
Oor die koppe Noord lê Jerusalem.

Hanna hou van die tyd van die oggend. Dis haar tyd wat sy vir ‘n kort rukkie die huis vir haarself het. Sy trek haar asem diep in en blaas weer stadig uit. Amper geluidloos. Peninna en haar seuns het wakker geword. Sy hoor hulle in die agterste vertrek. Peninna, die ewige stryd, dink Hanna. Alles wat jy doen, kan ek beter doen, nydige, geniepsige Peninna. Dit jaag haar soos ‘n wolf wat haar van agter wil bespring en opvreet.
Hanna sluk om die trane te keer. Hou jou hande besig Hanna, praat sy saggies met haarself. Sy is net te moeg om vanoggend veel meer te doen. Hier sal sy sit en die houtjies een vir een pak tot sy haar binneste reggeskuif kry.
Agter haar woel die kinders terwyl Peninna moederlik kloek om elkeen te help aantrek. Sy moet bontstaan met die seuns, hulle is woelig. Sy is ‘n goeie ma, dink Hanna. Hanna sluk aan die knop in haar keel. Dit voel party dae of sy besig is om te versmoor. Peninna trek klein Noam nader. Kom liefste Noam, laat ek help met jou skoene. Alhoewel hulle aan die anderkant van die vertrek is, kan Hanna elke woord hoor. Sy vryf liefdevol oor die seuntjie se wilde kuif, neem sy gesiggie in haar hande en herinner hom liefdevol, dat ‘n seun ‘n geskenk van God is. Noam ruk spelerig los en hardloop by die deur uit, te klein om te verstaan wat sy ma vir hom sê.
Hanna sien hoe Peninna wegstap en vinnig na haar kant toe kyk. Sy draai moedswillig by die deur om. Goeiemôre Hanna, ek het nie eers gesien jy is al wakker nie? Peninna weet al te goed Hanna is elke oggend voor haar wakker. Hanna het geleer om nie te antwoord nie. Dit is beter so.

*Sien my raak Here. Moenie van my vergeet nie.*

Sy onthou toe dit nog net sy en Elkana in hulle huis tussen die berge was. Liefste Elkana. Haar stil, trotse man met sy mooi sterk hande. Daar was ‘n tyd toe hy met daardie hande net vir haar vasgehou het. Nou tel sy hande sy eie seuns in die lug op. Sy seuns. Hulle seuns.
Maak nie saak hoeveel keer sy buite by die kraal op haar knieë vir God gesmeek het nie, hulle huis was sonder kinderstemme. Die jare wat verbygegaan het, het ‘n kyk in sy oë gebring. Die kyk wat sy gevrees het. Sy het geweet. Dit is ‘n kwessie van tyd voor daar nog ‘n vrou in die huis sal woon.
Tog vat sy hande nog net so sag soos daardie eerste keer toe sy jonger was, maar nie geweet het dat sy hierdie onmenslike swaar pad sou stap nie.
Elkana se bekommerde kyk het verdwyn toe die nuwe vrou voor hulle deur opdaag. Haar knieë wou knak toe sy die mooi jong vrou, nog in haar bruidsrok, sien afgly van die donkie. Vir die Here kon sy elke dag smeek, maar teen die wet kon sy nie baklei nie. Tien jaar. Hoe sy ook al baklei het, tien jaar is selfs vir haar regverdig, al maak dit hoe seer. Sy bid nogsteeds. Sy glo nog steeds. Elke dag.
Sy skrik toe sy Elkana se stem agter haar hoor. Sy hand rus sag op haar skouer. My liefste Hanna, waar is jou gedagtes? Glimlag my liewe vrou, dit is ‘n mooi dag en jy is so diep ingedagte. So vêr weg van almal om jou.
Hanna laat sak haar kop sodat hy nie haar oë sien nie. Sy weet hy is moeg vir haar trane, want al wat sy doen is huil. Haar trane het geen keer nie.
Wat is dit Hanna? Is dit alweer Peninna, vra hy besorgd. Voor sy kon antwoord weergalm die huis van kindergille. Elkana se arms gaan onmiddellik oop terwyl hy liefdevol ‘n seuntjie onder elke arm invou.
Peninna staan in die deur, arms gevou oor haar bors met ‘n tevrede glimlag. Haar oë op Hanna. ‘n Leegheid weergalm in Hanna se binneste.

Die huis voel effens meer chaoties as hulle een maal ‘n jaar moet regmaak vir die reis, vyftien myl Oos na Silo. Elke jaar gaan die hele familie na die tabernakel en bring Elkana hulle dankoffers aan God. Dit is wel nie vêr nie, maar dit voel langer met die kinders. Hanna is besig met die brode terwyl Peninna granate uitdop en seker maak die klein kannetjies is vol olyfolie. Hulle is amper klaar, môreoggend voor die son kop uitsteek moet hulle in die pad val. Elkana hou daarvan om vroeg daar te wees, voor die meeste mense opdaag.

Peninna druk ‘n handvol granaatpitte in haar mond. Hanna erken die moedswillige trek. Het jy gehoor Hanna? Miriam van Adonai gaan ook môre al in Silo wees? Sy gebruik elke kans wat sy kan kry om haar te herinner dat sy totaal en al nikswerd is en niks vir Elkana beteken nie. ‘n Handvol sout vir Hanna se wond. Stil bid sy dat God tog net die wag voor haar mond sal wees. Peninna teem moedswillig voort. Jy sal dit nie glo nie, maar die Almagtige God van Israel het haar weer geseën met ‘n pragtige gesonde seuntjie. Ek kan nie wag om haar weer te sien nie. Peninna het geen einde nie.

Hanna weet presies wat sy daarmee bedoel. Net soos al die jare voor die een gaan sy wat Hanna is, wegkruip in haar tent of langer by die tabernakel bly. Dit is wat sy doen. Sy praat eerder met God as om die kyke van die ander vroue te verduur. As sy soggens saam Elkana stap, kan sy voel hoe groepies vroue saggies gons, soos ‘n swerm bye. Wat dink jy het Hanna so verkeerd gedoen in die oë van God dat Hy Sy grootste seën van haar weerhou? Sy het al probeer groet, hulle draai eenvoudig weg en gesels verder met mekaar. Asof sy aan een of ander siekte ly. Elkana sien dit, maar hy sê niks. Sy hand op haar skouer is genoeg. Sy dink hy verstaan haar pyn. Hy en God. Niemand anders nie. Binne haar woed haar eie oorlog.

Sy weet Elkana hoor haar snags huil. Soms sal hy uitstap daar waar sy met haar doek oor haar kop by die kraal sit. Daar kan sy asemhaal. Sy is dankbaar dat hy haar regverdig behandel, al kon sy steeds na al die jare nie vir hom kinders gee nie. Hulle gesels soos toe dit net hy en sy was, maar haar lag het oor tyd minder geword. Niks wat hy sê kan haar troos nie. Daar is ‘n leemte in haar wese wat nie eers hy kan vul nie. Net God en God alleen.
Soos elke jaar hoop Hanna dat die tyd wat hulle in Silo is, die tyd gaan wees wat God haar gebed verhoor. Dit is hoekom sy nog saam gaan. Haar glo bring hoop. In al hierdie jare het sy nog nooit ophou vashou aan God liefde nie.

Sy staan ekstra vroeg op. Hoe vroeër hoe beter. Ander jare het sy gewag vir Elkana om saam haar te stap. Nie meer nie. Sy vermy liewer die praat en oordeel oë langs die pad.

Sy vryf sag oor haar bid doek voor sy dit om haar skouers gooi. Sy wonder hoeveel smeek gebede klou aan die doek vas? Sonder kinders is sy maar net soos ‘n blaar in die wind. Gebrandmerk as ‘n vrou met geen doel. Wie gaan na haar omsien as Elkana nie meer daar is nie? Jy het nie ‘n keuse nie Hanna, maan sy haarself. Jou hoop in God se genade is al wat jou twyfel en vrees weghou. Sy vee oor haar gesig, sy wil by die tabernakel kom.

Dit is donker binne. Sy weet nie hoe lank sy so gesit het nie. Sy is dankbaar, want met haar doek oor haar kop herken niemand haar nie. Sy ruik die offers. Families stap in en sit oral rond op matte. Die vroue en kinders bly agter en die mans gaan na die profeet Eli om hulle dankoffers te bring.
Sy sien Peninna en Miriam heel voor op een van die matte sit. By hulle staan Elkana, hy wink haar nader. Hy het klaar hulle familie se offers gebring. Dit is tyd vir hulle om saam te eet, soos dit elke jaar gedoen word hier in Silo. Wat veronderstel is om ‘n fees te wees is vir Hanna net ‘n marteling. Vandag van alle dae wil sy net haar pligte nakom en terugkom hierheen. Sy wil die tyd hier gebruik om te bid.
Elkana glimlag toe hy Hanna sien nader stap. Hy is dankbaar vir die vrou met haar sagte oë en liefde vir God. Die kruis wat sy dra is swaarder wanneer alles en almal haar herinner aan dit wat sy nie het nie. Hy sien hoe Peninna na hulle kyk. Hy kies om nie die nydigheid in haar oë raak te sien nie. Hy verstaan nie die jong vrou van hom nie. Sy is geseënd met gesonde kinders. Haar lewe is vol. Hy het ‘n sagte plekkie vir Hanna. Hy dink aan die aande by die kraal as haar geloof en hoop in God hom inspireer. Haar wysheid maak hom sterker. Die wysheid van ‘n vrou bou ‘n huis. Al het Hanna nie kinders nie, voel sy vir hom soos ‘n rusplek vir sy voete.
Wanneer almal bymekaar is roep hy die kinders nader en deel die offervleis. Gelyk op vir elkeen. Sy hand huiwer toe hy by Hanna kom. Hy skep vir haar meer as vir die ander. ’n Stille erkenning vir sy liefde vir haar en dit waardeur sy gaan. Hanna voel hoe Peninna se oë haar deurboor. Sy laat sak dadelik haar kop.Hiervan sal sy nooit die einde hoor nie. Sy kry nie asem nie. Hoe kan Elkana dit doen, skree haar binneste. Hier in Silo van alle plekke? Hoe kan hy haar so voor almal bejammer? ‘n Dubbele porsie vleis gaan niks verander nie, dit maak net alles erger. Wie moet dit in elk geval eet? Sy het lankal haar sin vir kos verloor.

Sy staar na die vleis op haar bord. Te skaam om op te kyk. Sy wil nie hê haar man moet haar jammer kry nie. Dit laat haar net nog meer nutteloos voel. Sy moet hier wegkom. Sonder om haarself te verskoon staan sy op van die tafel en stap in die rigting van die tempel. Kan sy dan nog minder voel as niks? Wanneer gaan God haar stem hoor?
In die  van donkerte van die tabernakel knak haar knieë, sy sak neer in ‘n hopie. Sy gee nie om wie haar agterna staar nie.
Kort daarna kry Elkana haar in ‘n klein bondeltjie met haar knieë opgetrek en haar doek oor haar kop. Hy sien hoe baie gewig sy verloor het. Daar is amper niks van sy Hanna oor wat eens met soveel belofte sy vrou geword het nie.Elkana kniel langs haar. Hy praat saggies. Hanna jou hartseer is ook my hartseer. Dit breek my hart om jou so te sien. Wat het ek verkeerd gedoen? Is ek dan nie genoeg vir jou nie? Ek moet tog vir jou meer werd wees as al die seuns van Peninna? Los my net alleen Elkana, glip die woorde uit sonder dat sy kon keer. Sy hoor sy voetstappe verdwyn. Sy weet Elkana is baie bekommerd oor haar. Hy moet verstaan, hierdie is haar pad saam met God. Die Almagtige God wat ‘n plan het met haar lewe. Sy glo dit met haar hele hart. Sy maak haar oë toe. Hanna voel haar hart sy eie stem kry. Uit haar diepste binneste smeek sy God om haar te hoor.
My Heer my God, ek kom sit in U teenwoordigheid. Sien my raak Here. Moenie van my vergeet nie. My hart smag na ‘n kindjie. ‘n Geskenk soos ander vroue alreeds ontvang het. Alles wat uit genade van U kom, is nie ons eie nie. Here, ek  maak ‘n belofte vandag. As U my seën met ‘n kindjie, sal ek hom aan U teruggee, sodat Hy in die diens van U Koninkryk sal werk solank as wat hy lewe. Dit is my belofte, my eed.
Eli het nog nie so iets gesien nie. Hy is al ‘n ou man en baie jare by die tabernakel in Silo. Dit is ‘n besige tyd van die jaar. Hy het haar sien inkom en haar dopgehou. Hoe kan die vrou hier kom sit as sy dronk is? Hy stap nader. Waar is jou man liewe vrou? Die is geen plek vir ‘n dronk mens nie. Gaan onmiddellik terug na jou tent toe.
Hanna skrik. Sy staan op en vee oor haar rok. Nee priester, ek het nie wyn gedrink nie. Ek sit in die teenwoordigheid van God, die God wat my pyn ken. Die God van hoop.

Ek het nie meer woorde om voor die Here neer te sit nie. Ek het met my hart gebid. Ek besef hoe dit vir u moes lyk. Ek is jammer.

Eli kyk na die vrou wat voor hom staan. Haar oë is soos twee donker poele waarin ‘n groot seer weerkaats. Hy ken pyn as hy dit sien. Sy hart breek vir die skraal vrou met die sagte hartseer oë. So nederig en so weerloos. Hy praat sagter met haar. God het jou hart vandag gehoor. Hy is die God van harte. Mag jy van hier af verder Sy vrede deel maak van jou lewe. Gaan terug na jou tent toe en mag God vir jou gee wat jy gevra het. Gaan in vrede.

Met daardie woorde het Hanna omgedraai en weggestap. Eli het die vrou agterna gekyk. Hy wonder wat sopas hier gebeur het? Hy ken haar van geen kant af nie, maar hy weet sonder enige twyfel, vandag was nie die laaste dag wat hy haar gesien het nie. God is besig met haar en Hy stap hierdie moeilike pad elke tree saam met haar.

Die woorde van die ou priester herhaal oor en oor in haar kop.

Met elke tree terug tent toe voel dit vir Hanna of die swaar las van haar skouers afval. Of alles by God agtergebly het. Dit voel vir die eerste keer in ‘n lang tyd of God haar regtig gehoor het. So oorweldig deur haar eie pyn en vasgevang in haar eie donker gat dat die priester Eli gedink het sy is dronk? Sy voel nie eers meer skaam nie. Dit voel of al die skuldgevoelens en skaamte ook by God agtergebly het. Sy stap reguit na Elkana waar hy by sy tent sit. Sy skuld hom ‘n verskoning. Sy weet dit.

Sy skuld hom baie meer as dit. Sy moet regmaak met haar man.

Sy kniel by sy knieë en kyk op in sy besorgde oë. Vergewe my dat ek jou nie kon sien in my eie donkerte nie. Ek was in ‘n diep donker gat. Sy neem sy hande in hare. Dankie vir jou onvoorwaarlike liefde vir my ten spyte van alles. Nie my wil nie maar God se wil sal geskied.

God het ook Elkana se gebede verhoor. Hoe baie het hy vir Hanna gebid dat God haar sal vrede gee? ‘n Vrede wat alle verstand te bowe gaan. Hy het haar nader getrek en styf teen hom vasgedruk. Terwyl die son in skakerings van koper agter die tempel mure sak, staan hulle in mekaar se arms. Met die hoop dat God se wil ook die beste vir hulle sal wees. Vanaand wil hy by Hanna wees. Dit was ‘n lang dag, hulle albei is moeg, maar hy wil haar styf vashou. Met dankbaarheid en liefde.

Dit is na die draai van die nuwe jaar. ‘n Jaar vol uitdagings is verby vir Elkana en sy familie. Die werf is nog stil. Daar is gisteraand gedans, gesing en geëet. Elkana sit by die kraal en kyk in die rigting van sy huis, hy glimlag. Vanoggend is hy oorweldig met ‘n diepe dankbaarheid.
Kan dit wees, wonder hy weer. God vergewe my menslikheid, maar U genade is soms te groot vir mense om te verstaan. Hy kniel op sy mat. Hy het ‘n afspraak met die Here. Hy wil dankie sê dat God Hanna se gebed in Silo verhoor het. God het geantwoord! Hy wil jubel en juig.

In hierdie nuwe jaar sal hy en Hanna die kindjie hê waarvoor hulle soveel jare gewag het. Die nuus dat Hanna swanger is wou hulle eers stil hou. Dit was vir ‘n rukkie net tussen hulle twee en God. Hy sal later vandag die familie bymekaar roep. By Hanna is daar geen twyfel nie, dit gaan ‘n seun wees. Hanna het besluit op die naam Samuel. Samuel beteken, God het gehoor. Hulle kind van die Here...vir die Here.
Hy eer haar besluit. Al is dit hoe moeilik. Sy hou vol. Haar belofte aan God staan. Die tyd wat Hanna het met hulle seun sal sy hom leer, alles wat hy moet weet van God die Almagtige, die God van Israel. Die God van hoop en genade. Dan sal sy hom neem na die priester Eli, waar hy sal grootword. Solank hy lewe sal hy besig wees met die werk van God.
Hy verstaan dit nie heeltemal nie, maar hy weet God is besig met Sy groter plan.

# Ons gesels oor Hanna

Liefste, liefste Hanna. Wat ‘n swaar kruis het jy nie gehad om te dra nie?
Die Hanna’s tussen ons is die vroue wat maar net aangaan met die lewe, al dra sy ‘n swaar kruis. Dit doof mettertyd die lig in haar oë.
Verlies, verlange en verwerping is die temas wat ons in haar storie raak lees. Hierdie drie v’s is ‘n dodelike kombinasie. Jy voer letterlik ‘n oorlog binne jouself, maar jy moet staande te bly en elke dag doen wat die lewe van jou verwag.
Verstrengel is die volgende woord wat by my opkom. Hoe mens so gekoek kan raak in jou eie drie v’s dat jy later niks anders raaksien nie. Later begin dit almal om jou ook affekteer. Dit sien ons maar al te goed in Hanna se verhouding met haar man.
Om kinderloos te wees in die tyd wat Hanna geleef het was gelykstaande aan ‘n sosiale dood wat iemand sterf. Jy word uitgestoot, verwerp en jou waarde is niks meer as die verwerptes wat buite die dorpe bly nie. Dit is nie baie moeilik om uit Hanna se storie af te lei dat sy heel moontlik depressie gehad het nie. Mens wonder hoe enige vrou in daardie tyd, die tipe verwerping kon oorleef. Hanna het met alles in haar, vasgeklou aan haar hoop in God. Sy het eenvoudig nooit ophou bid nie en nooit ophou glo nie. Al het hoeveel jare verby gegaan en Peninna haar lewe ondraaglik gemaak, het sy vas geglo dat God een of ander tyd haar gebed gaan verhoor.
O jinne, die Peninna. ‘n Regte boelie. Haar jaloesie maak sommer my ore warm. Ek kan nie help om te dink dat God vir Hanna ‘n profeet gegee het om groot te maak en nie vir Peninna nie. Watter leemte was daar in haar lewe dat Hanna, sonder kinders, vir haar ‘n so ‘n  bedreiging was?

O genade, hoe baie kan ons by liewe Hanna leer nie.
Vir my is daar ‘n paar goed wat soos ‘n paal bo water uitstaan.
Well, this girl aint no quitter! Ek dink Hanna se kinderlose bestaan was soos ‘n strawwe maraton. Sy het net aangehou en aangehou en aangehou… bid.
Hanna het elke dag geglo dat daar vir haar ‘n uitkoms is. Dat God ‘n plan het met haar lewe en dat Hy op sy tyd, nie haar tyd nie, haar gebed sal antwoord.
Hanna is een van die mooiste Bybelse verhale van hoop. Dit is asof sy gebed in sy geheel verstaan het.
Hanna het my hele persepsie oor gebed verander. Om slegs in die teenwoordigheid van die Here te sit, is ook genoeg. Om Sy teenwoordigheid op te soek is genoeg. Solank ons volhou, glo en vertrou op die Een wat alles kan verander. Dat ons ook leer oor God se tyd, want God dra mos nie ‘n horlosie nie, net mense.
Alhoewel ons onsself vandag in heeltemal ander omstandighede as Hanna bevind, bly die essensiële kern van ‘n vrou presies dieselfde.
Ons moderne tyd is gejaagd, ons as vroue staan ons werk en huis skoene vol, om maar twee te noem. Ons word gebombardeer met klanke, mense, tegnologie en media. By die tyd wat ek en jy rustig word aan die einde van ‘n dag is ons so pootuit dat ons eenvoudig net wil slaap. Daarom is dit so belangrik, ek wil amper sê, lewens belangrik dat ons tye het, ure of dae vir onsself uitsit, om tyd saam God te spandeer. Ek het al so baie in my lewe na ‘n besige dag of uitdagende week probeer stil raak, maar my kop het eenvoudig met my sirkels en draaie gehardloop, besig met alles wat pla en nog gedoen moet word. Daarom het ek ‘n bid-doek. Hanna het vir my hierdie inspirasie gegee. In my geestesoog het ek haar sien sit met ‘n doek oor haar kop. Dalk is dit God wat hierdie beeld in my kop geskep het. ‘n Direkte boodskap van Hom om vir my ‘n “tool” te gee in hierdie besige wêreld.
Wanneer dit stil raak tyd is, gaan ek daar waar ek weet niemand my pla nie, ek gooi my doek oor my kop. Die bid-doek help my, want sodra ek onder die doek is, sny ek doelbewus van my sintuie uit. Al maak ek my oë oop, is ek steeds toegevou in die semi-donkerte van die doek. My oë kan nie dwaal nie en ek laat myself nie toe om die vuil merke of spinnerakke wat nog skoongemaak moet word, te sien nie.

Ek skep vir myself ‘n gevoel van geborgenheid. Later raak dit makliker om net te sit in die teenwoordigheid van die Here. Dit is oorgenoeg vir my. Hanna het my geleer gebed is vêr meer as net woorde.
Dae as ek geestelik swaarkry, vra ek myself die vraag; Waar was jou oë die afgelope tyd, op die wêreld of op God? Keer op keer vang ek myself dat ek staatmaak op die wêreld vir antwoorde. Hanna het nie op die wêreld staat gemaak vir antwoorde nie.

Ek weet jy sal met my saamstem dat Hanna se gebed by die tabernakel ons harte so diep raak. Daar het ek ‘n gewaarwording beleef. Die oomblik toe Hanna haar eie wil opsy skuif, tree God se wil in werking. Hoe ongelooflik mooi is dit nie? Sy het haar eie wil uit die pad gesleep om plek te maak vir God se wil vir haar lewe. ‘n Ongelooflike oomblik, draaipunt en keerpunt in die storie. Dit is ook die oomblik wat Hanna totale vrede ervaar. Asof die storm in haar stil geraak het en sy haar hele lewe verder vorentoe in God se hande gesit het.
Hanna neem ook ‘n groot besluit daardie dag. Sy sluit ‘n verbond met die Here. Sy is bereid om haar kind weer terug te gee vir God. Hanna maak ons weer bewus van die feit dat alles wat ons op aarde het, aan ons voorsien is deur God. Niks op aarde behoort aan ons nie, alles is net aan ons geleen. Haar eie wil was om haar kind self groot te maak, maar God se wil was dat Samuel deel raak van Sy groter Plan.

Samuel was Israel se laaste Rigter en eerste groot profeet. Hy was ook die profeet wat Saul as die eerste Koning van Israel salf. ‘n Man wat baie lief was vir God in ‘n tyd wat God hom baie nodig gehad het. Hoe ongelooflik is God nie? Hy het Hanna se onwrikbare geloof in Hom gesien. Sy plan het in werking getree. God het ‘n pad met Hanna gestap en haar spesiaal uitgekies om Samuel se Ma te wees.

# SELFSTUDIE SAAM HANNA

*Hanna se pyn is groot, maar haar geloof in God is groter*

**1 Samuel 2:2 (Afr83)**
**Niemand is heilig soos die Here nie, ja daar is niemand buiten U en daar is geen rots soos onse God nie.**

Ai, hoe moeilik is dit vir ons om ons hande in die lug op te steek om God te loof en te prys as ons pyn of verlies ervaar. Dit is asof ons nie God raaksien tussen die chaos wat pyn veroorsaak nie. Tog vra God van ons om ons pyn, hoe groot ook al, voor Sy voete te kom neersit. Daar kom ‘n dag wat ons moet kies tussen ons pyn of God.

**Hy staan ons by en help ons in al ons krisisse. Daarom kan ons ander mense help en troos wanneer hulle swaarkry.**

Dink aan ‘n tyd wat jou hart so stukkend was dat jy geglo het jy sal nooit weer heel voel nie.
Reflekteer terug op daardie tyd. Vergelyk dit met waar jy nou in jou lewe is.
Kan jy God se plan in jou lewe sien?
Moenie skaam wees om ooit jou storie van hoop aan iemand te vertel nie. God wil ons so graag as ‘n voorbeeld gebruik vir ander. Net soos Hy vandag nogsteeds vir Hanna gebruik.

# SELFSTUDIE SAAM HANNA

*Hanna het nooit ophou bid nie*

**1 Samuel 1:14**
**Maar ek het my siel voor die aangesig van die Here uitgestort**

Wanneer ‘n seer of ‘n leemte in jou lewe so groot is, kan dit jou hele wese oorneem. Ons raak gekoek in die pyn. Ons kan later niks anders raak sien nie.
Woorde kan ook opraak. Soms voel dit vir ons of ons letterlik leeg gebid is. By Hanna leer ons dat God ook die woorde van jou hart verstaan. Om net in die teenwoordigheid van God te sit sonder enige woorde is wanneer ons toelaat dat God na ons hart luister. Woorde maak plek vir jou diepste gevoelens.
.

**Romeine 8:26-27**
**Intussen het God sy Gees aan ons gegee om ons in ons swakheid te help. Ons grootste swakheid is dat ons nie aldag weet wat ons moet bid nie. Maar in sulke tye bid die Gees self vir ons.**

Ruim tyd in vir gebed. Gryp ‘n serp, of jou bid doek en gaan raak stil in die teenwoordigheid van God. Jou eerlikste en diepste gebed is soms, Ek is net Here. Hoe mooi herinner die gedeelte uit Romeine ons dat God weet hoe menslik ons is. Hy stuur Hulp. Ek en jy is nooit alleen nie. Al voel dit vir ons so in ons donker tye. God het ook vir Hanna hulp gestuur daar by die tabernakel. Dit is presies wat sy gevoel het. Dat die Heilige Gees by haar was.

# SELFSTUDIE SAAM HANNA

*Hanna besef dat alles wat ons by God ontvang, Sy eiendom bly.*

**1 Samuel 1:28**
**So staan ek hom dan ook af aan die Here, al die dae wat hy leef, hy is aan die Here afgestaan.**

Hanna gaan doen ‘n ondenkbare ding. Volgens wat ons weet was klein Samuel maar net drie jaar oud toe sy hom na Eli toe geneem het. Ek bewonder die vrou se absolute geloof in God se plan.

Is jy bereid om dit waarvoor jy op die oomblik vra in gebed, terug te gee aan God? Alles wat ons koester in die lewe is ‘n geskenk van God. Ons koester ons familie, ons kinders en ons paar besittings hier op aarde. Wanneer ons na hierdie geskenke kyk weet ons dat God dit net vir ons geleen het. Om ons kinders groot te maak in God se woord is om jou kinders terug te gee aan Hom.

Is jou huwelik ‘n huwelik wat jy teruggee aan God? Is jou talent een waarmee jy God eer en dit so uitdra in die wêreld?

Maak ‘n lysie van alles in jou lewe wat God vir jou gegee het. Watter van die genadegawes het jy nog nie teruggegee aan God nie?

# JOERNAAL

*vir jou gedagtes*

# JOERNAAL

*vir jou gedagtes*

# WAAR PAS HANNA IN DIE BYBEL

Hanna was ‘n Israeliet. Sy het geleef in die vroeë Israeliese geskiedenis. Daar word geskat, ongeveer in die 11de eeu voor Christus. Amper 3000 jaar terug.

Wat ons lees is dit wat ons weet. Ek stel haar voor in my gedagtes as ‘n fyn vroutjie met sagte, warm glimlag. Met ‘n kalm en rustige geaardheid. Ek wil amper dink aan Hanna as ‘n introvert.

Sy het gewoon in die berge van Efraim, meer na die Noordwestelike deel van Israel. Hulle het gewoon in die klein dorpie Rama waar mense waarskynlik ‘n baie eenvoudige lewe gely het en ook geboer het. Na die Israelitiese volk die Beloofde Land ingetrek het, was daar nog nie ‘n Koning nie. Hulle is regeer deur stamleiers en regters.

Die mense het geglo dat Regters, mans is wat deur God gekies is om te help met besluite en om leiding te gee.

Silo was ‘n baie belangrike dorp vir die Israeliete. Daar is besluit dat die tabernakel met die verbondsark, wat die Israeliete saam gebring het uit Egipte, daar veilig gehou sal word.

Daarom het die mense elke jaar na Silo toe gegaan om feeste te hou en ook om offers te bring aan God.

# GLO-WOORDE VAN HANNA

| | | |
|---|---|---|
| Ek is genoeg | God het altyd ‘n plan | Ek GLO |
| Stilbly is ook ‘n antwoord | Stil word is ook bid | God hoor my |
| Alles wat ek het is God se eiendom | Ek skuif my eie wil opsy | Ek is deel van God se plan |

Hanna is die eerste van drie bybelstudies uit die reeks; In haar skoene. Geskryf en saamgestel deur: Yolande Brittnell-Steyn.
Die reeks bestaan uit Hanna, Abigail en Ragab en is aanlyn beskikbaar.
www.sitaandieketel.co.za

Liefste vrou,

Die storie van Hanna is ‘n fiktiewe storie wat ek geskryf het. Ek het wel die storie van Hanna in die Bybel gebruik as raamwerk en seker gemaak die storie bly so ver as moontlik getrou aan Hanna se verhaal. Hanna het regtig geleef. Haar storie en ander stories van vroue in die Bybel het saggies aan my hart geraak. Al leef ons eeue later en het ons leerskoene, donkies en kopbande verruil vir handsakke, bankkaarte en motors, bly die essensiële kern van vrouwees dieselfde. Ons leemtes, verlange, pyn en bekommernisse bly dieselfde. Daar is ‘n rede hoekom die vroue se stories in die Bybel is. Sodat ons vandag nog by hulle kan leer.
Ek hoop die tydjie wat jy saam Hanna spandeer het, het vir jou laat besef dat God nog presies dieselfde is as eeue terug. Sy plan is ook nog dieselfde, ‘n plan wat vir jou en my insluit. Ek hoop dit maak jou so opgewonde soos dit vir my maak.


God is ook opgewonde oor my en jou.



*al my liefde*

*Yolande*

*Alle regte voorbehou. Geen gedeeltes van hierdie studie mag sonder skriftelike verlof van Sit aan die Ketel gereproduseer of in enige vorm of langs enige elektroniese of meganiese weg uitgegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, laserskyf- of bandopname, mikroverfilming of enige ander stel van inligtingsbewaring*



# BID DOEK

Hanna was die inspirasie agter my bid doek. Jy het nie ‘n spesifieke bid doek nodig nie, enige doek sal werk.
Elke huis het ’n Ma nodig wat bid. In haar binnekamer, waar sy haarself, haar mense en die wêreld, opdra aan God.
Gebruik jou bid doek die dae wat jy net wil stil word voor God, weg van die gedruis van die wêreld, sodat God jou weer kan vol maak. Vol hoop, vrede en liefde.
Elke dogter weet, haar Ma se bid doek word eendag vir haar nagelaat. ‘n Erfstuk, met elke kosbare gebed daarin vas gebid.

**Aanlynwinkel skakel:**

*https://sitaandieketel.co.za/shop-2/#*

Elke bid doek word spesiaal verpak met ‘ n spesiale bid-olie soos die oorspronklike resep in Exodus 30:25